

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:17

Stry oorwinnend met die swaard van die Gees!

Vir Jesus Christus kon die duiwel nie oorwin nie. Gelowiges is daarom sy nommer een teiken. Hy en sy handlangers (die wêreld en ons eie sondige natuur) wil ons as soldate van Jesus Christus op verskillende maniere onskadelik maak en uiteindelik uitskakel in die stryd tussen die Lig en die duisternis.

Vir hierdie stryd moet ons ons krag in die Here soek en in sy groot mag. Hoe doen ons dit? Deur die geestelike wapenrusting wat God ons gee, aan te trek en te gebruik. Die swaard van die Gees is die sesde deel van ons wapenrusting en word nader beskryf as die Woord van God. Die Heilige Gees gee aan gelowiges die Woord van God as verdedigings- sowel as aanvalswapen om in persoonlike versoeking en getuigenis die bose te kan beveg en te oorwin. Lees gerus hoe ons Here Jesus Self met die Woord van God die versoekings van die duiwel in die woestyn weerstaan en oorwin het (Matt. 4).

Die swaard van die Gees wat ons as wapenrusting ontvang het, is 'n baie kragtige wapen! Luister maar hoe beskryf Hebreërs 4:12 dit: *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg.* Vat die swaard van die Gees! Dit is ons opdrag! Dit is 'n doelbewuste aksie van ons kant wat hier gevra word. Ons moet ons wapen baie goed leer ken, maar ook leer om dit te gebruik. Dit vra oefening en nogmaals oefening! Alleen so kan ons weerbaar wees teen die aanslae van die bose en oorwin. Enkele riglyne om oorwinnend met die swaard van die Gees te kan veg:

- Bid altyd voordat jy die Woord lees of aanhoor. Vra die Heilige Gees vir insig in die Woord en dat die Woord eerstens in jou lewe op vrugbare grond sal val.
- Lees die Woord oor en oor – word vol daarvan! Maak notas vir jouself, merk kernsake en leer selfs gedeeltes uit jou kop vir latere gebruik in jou geveg met die bose.
- Oordink en bespreek die Woord met medegelowiges in jou huis, gemeente of vriendekring. Bly 'n leerling in die Woord van God!
- Gebruik die Woord in jou eie lewe, in die lewe van jou kinders en waar jy met soekende, twyfelendes en ongelowiges te doen kry. Met God se Woord kan jy die werk van die duiwel verbreek!

Gebruik jou wapenrusting oorwinnend! Dit kom van God af!

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4
Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)*